

29 Julie 2013

Skrifgedeelte: Lukas 10:21-42

Fokusgedeelte: Lukas 10:41, 42

Hoor en doen die evangelie

Daar word baie keer gesê: Die kerk moet meer dóén! Natuurlik is dit so. Maar weet jy dat alles, ook daad, begin by die hoor van die evangelie!

Nadat Jesus in Lukas 10 sy 72 dissipels uitgestuur en hulle met blydschap teruggekom het, gaan eet Jesus by Marta en Maria. Ook dáár preek Christus en verkondig Hy sy koninkryk. Maria sit by Jesus se voete en luister terwyl Marta, die bedrywige een, besig is met kos en bediening. Dan vra Marta aan Christus: "Here, hinder dit U nie dat my suster my alleen laat bedien nie?" (vs. 40). Dan antwoord die Here haar in verse 41 en 42: "Jy is besorg oor baie dinge, maar een ding is nodig. Maria het die beste deel gekies ...".

Hier sien ons wat Christus as die kern van geloof en aksie beskou, naamlik die HOOR van die evangelie. Dit is die belangrikste deel van heil en saligheid; van geloof en werke: Om te hoor en te luister na God se Woord. Dáár begin alles ... by die aanhoor van die evangelie. Niemand kan dit van jou wegneem nie. Ook die apostel Paulus sê in Romeine 10 dat geloof kom deur die prediking.

As jy en ek geloof het, sal ons die werk van bekering doen. Luister dus elke dag na God se Woord, na sy stem in die Bybel, en gaan doen jou koninkrykswerk tot eer van sy Naam!

Sing: Psalm 98:6

Ds. NW Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)